

13 November

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38 (1933/53- en 1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 9:36-38

Die Portret, Probleem, Plan van God se Koninkryk!

Ons fokusverse kan maklik in drie hoofpunte saamgevat word:

- In vers 36 kyk die Here Jesus na die skare mense by Hom en sien hulle soos hulle werklik is – Hy vorm 'n geheelbeeld (portret);
- In vers 37 identifiseer Hy (die probleem) – die mense is hulpeloos, uitgeput, herderloos ...
- en in vers 38 bied die Here die enigste oplossing (die plan) – gebed.

Jesus vorm 'n geheelbeeld – skilder 'n PORTRET

Jesus het na die massa mense om Hom gekyk. Hy het hulle gesien soos hulle werklik is. Die opregtes en die huigelaars. Die noodbehoewendes en die sensasiesoekers. Meer nog: Hy het in hulle harte, in hulle diepste siel ingekyk. Hierdie mense voor Hom was moeg. Geestelik uitgeput en oorlaai. Die godsdiensteleiers van hulle tyd het 'n ontsaglike swaar las op hulle gelê. Die Romeinse owerheid het hulle in hulle eie land oorheers en verslaaf. Ons lees: *“Hy het hulle innig jammer gekry”*, met ander woorde, dié hopelose toestand het Jesus diep geraak.

Jesus identifiseer 'n PROBLEEM

Jesus het geweet dat die tyd min en die werk ontsaglik baie was. Daarom lees ons aan die begin van hoofstuk 10 hoedat Hy sy dissipels nader roep en aan hulle die mag oor onreine geeste gee, om hulle uit te dryf en om elke siekte en kwaal te genees. Hierdie 12 manne sou sy medewerkers wees. Later sou nog 70 uitgestuur word. En nog later, na die uitstorting van die Heilige Gees, sou 'n hele weermag van dissipels die wêreld ingaan met die Blye Boodskap van Verlossing op hulle lippe.

Hierdie feit sou altyd bly staan. Die oes is duiselingwekkend groot en die arbeiders maar yl gesaai. Dis die groot PROBLEEM. Die oes is te groot vir hierdie handjiewol werkers. Dis 'n saak van groot erns. 'n Saak wat heel bo-aan die Koning se hemelse agenda staan. Maar wat kan gedoen word om hierdie PROBLEEM op te los? Wat is die oplossing wat die Here Jesus self gee? Hoe lyk sy Verlossingsplan in die praktyk?

Die Here Jesus se PLAN

Christus se plan begin by die heel begin. Dit begin by GEBED. *“Bid dan! Bid voor julle begin. Die sleutel is gebed. Die oes is groot en die arbeiders is min. Maar het jy dit ook raak gelees? Twee keer word dit beklemtoon! Hierdie is nie Petrus of Johannes of jou of my oes nie. Née: “Bid dan **die Here van die oes**” en “**dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.**”* Die oes behoort aan Hom. Jesus Christus het met sy lewe, née, met sy heilige en onskuldige bloed daarvoor betaal. Die kerk behoort aan God! God is self die voorsitter van die Sendingkommissie! Die voorsitter van die Kerkraad, van die Jeugwerk, van die Finansies, van die Susters! En die hele wye wêreld daarbuite is syne!

Dis oestyd! Ek en jy, die Here se kerk, word die wêreld ingestuur om hierdie heerlike taak te verrig. Nie in eie krag nie, deur die krag van die Heilige Gees wat ons toerus en bekwaam. Mag die portret, probleem en plan van God se koninkryk jou tot gebed en aksie aanspoor!

Sing: Psalm 103:10 (1936)

Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)